

# Les Plan Twee

## Diere Gedrag

### KRITIEKE UITKOMSTE

**KU #2:** Werk effektief saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie of gemeenskap.

**KU #3:** Organiseer en bestuur jouself en jou aktiwiteite op 'n verantwoordelike en effektieke wyse.

**KU #4:** Versamel, analiseer, organiseer en evalueer inligting krities.

### LEER UITKOMSTE

**LU #2:** Die leerders sal kennis dra van, en in staat wees om wetenskaplike, tegnologiese en omgewings kennis te interpreteer en aan te wend.

**Sub-vaardighede:**

Kennis van vernaamste idees.

Inligting verstaan.

Feite interpreteer.

Kennis vanaf verskeie areas, in verband bring.

### ASSESSERINGS STANDAARDE

Herroep betekenisvolle inligting.

Kategoriseer inligting.

Interpreteer inligting.

### HOE OM DIE LES AAN TE BIED

Hersien die agtergrond inligting op bladsy 13 aangaande die jag ontwikkeling van welpies. Gee hulle nou 'n navorsingsprojek om te bepaal hoeveel van die inligting hulle verstaan.



#### AKTIWITEIT 1 - leeu ontmoeting (klaskamer aktiwiteit)

Kies 'n groep vrywilligers van die klas. Skei die kleinste van hulle van die res van die groep. Vra die leerders om hulle in te dink dat die voorkant van die klas 'n savanne is en dat die groep leerders 'n groep leeus verteenwoordig en die enkeling 'n jagluiperd. Wat sal gebeur as 'n alleenloper jagluiperd deur die leeus se tuisgebied probeer beweeg? Lei die leerders in 'n bespreking oor hoe 'n jagluiperd moet leer om met ander roofdiere oor die weg te kom om sy oorlewing in die natuur te verseker. Maak gebruik van agtergrond inligting in hierdie les.





## AKTIWITEIT 2 - buite aktiwiteit

Gebruik papier om kaarte soos volg te maak (hierdie sal verskeie prooi items verteenwoordig): verskillende kleure papier, uitgeknipte vorms of die naam van die prooi op die papier geskryf. Maak vyf kaarte per prooi item.

### Prooi items:

zebra  
springbok  
slang  
gras  
muis  
blom  
haas  
koedoe

Verdeel die klas in groepe om die volgende roofdiere te verteenwoordig; elke leerder moet van 'n vel papier (waarop geskryf is of wat uitgeknipt is) voorsien word wat die roofdier wat hy verteenwoordig, sal voorstel.

Insekte  
Jagluiperd  
Leeu  
Voël

Laat die groep uitgaan en versprei hulle oor 'n gebied van 20 x 20 meters. Vra die klas om almal aan die een kant van die gebied te staan. Na tot drie getel word, moet hulle almal deur die gebied begin beweeg en soek na geskikte prooi vir die roofdier wat hulle verteenwoordig. Nadat al die prooi items opgetel is bespreek watter items opgetel is en hoekom.

Die insek behoort gras en blomme te hê.

Die voël kan blomme hê as dit op nektar voed of 'n slang en muis as dit 'n roofvoël is (die haas kan dien as prooi vir een van die groter roofvoëls)

Die jagluiperd moes die springbok en haas gekies het (moontlik ook die muis).

Die leeu kon die koedoe, zebra, springbok and haas gekies het.

Hou 'n bespreking oor hoe die jagluiperd jag en wat dit beteken in terme van die feit dat die wyfie die welpies leer jag. Hersien die jaggedrag van 'n jagluiperd deur die hersienings paragraaf wat voorsien is, te gebruik.





## NAVORSINGS PROJEK – lewe in die natuur is moeilik

### Doel:

Om die sosiale interaksie en verhoudings tussen die jagluiperd en ander diere in sy omgewing te vergelyk.

### Vrae om van te kies vir 'n navorsings onderwerp:

Hoe leer die wyfie haar welpies om ander roofdiere te vermy en hoekom is dit nodig?

Watter oorlewings strategieë het 'n welpie in die natuur nodig om te oorleef?

Hoe leer 'n jagluiperd welpie om te jag?

Gegewens moet ingedien word in die vorm van 'n portefeulje (dit kan sketse en diagramme insluit). Hierdie aktiwiteit kan individueel of in 'n groep gedoen word.

Nadat die portefeulje saamgestel is moet die onderwerp aan die res van die klas voorgelê word en moet 'n bespreking geïnisieer word aangaande sosiale interaksie in die natuur. Die onderwyser kan die leerders inlig aangaande enige addisionele inligting wat nie deur leerders voorgelê is nie en wat in die Onderwyser Gids voorsien word.

### Bronne:

Biblioteek

Internet

Agtergrond inligting vanaf bron

Tydskrifte

Natuur videos

Dieretuine of ander organisasies wat met jagluiperd of leeuus werk

### Voorbereiding:

Die onderwyser moet van bronne gebruik maak om die feite aangaande die navorsing te verkry. Die onderwyser moet in staat wees om die leerders in te lig oor presies waar hulle hierdie inligting in die hande kan kry.



## WAARDEBEPALING

### Kontrolelys vir Navorsings Projek:

| Waardebepaling Stelling  | Ja | Nee |
|--|----|-----|
| Leerder het opdrag voltooi binne die tyd verskaf.                    |    |     |
| Leerder het 'n titel en die skrywer se naam verskaf.                 |    |     |
| Leerder het die inligting vanaf 'n verskeidenheid van bronne verkry. |    |     |
| Leerder het inligting gebruik wat toepaslik was vir die onderwerp.   |    |     |
| Voorlegging was netjies en goed uitgelê.                             |    |     |
| Leerder het verwysings korrek weergegee.                             |    |     |



## Koppeling met taal:

| Leer Uitkomst                   | Assesserings Standaard  |
|---------------------------------|---|
| LU#3: Lees en Kyk               | Selekteer die gepaste teks vir die inligting wat benodig word vanaf 'n groot verskeidenheid van bronne. |
| LU#4: Skryf                     | Skryf feitlike teks wat idees duidelik en logies uitdruk vir verskillende gehore.                       |
|                                 | Ontwikkel en organiseer idees deur van 'n skriflike proses gebruik te maak.                             |
|                                 | Verskaf werk waar aandag aan netheid gegee is en met 'n gevorderde voorlegging.                         |
| LU#6: Taal struktuur en Gebruik | Werk met tekste.  |

## AGTERGROND - Jag Ontwikkeling van Welpies

Alhoewel die jaag van prooi instinktief mag wees moet die welpies geleer word hoe om die prooi te vang, hoe om die byt op die keel toe te pas en hoe om die prooi vas te hou tot dit ophou skop. Dit word alles geleer deur volwassenes dop te hou.

Die welpies leer die wurggreep deur hulle ma dop te hou wanneer sy 'n prooidier doodmaak.

Daarna sal hulle dit oefen deur gedurende spel hulle broers en susters op die agternek te byt. Hulle mag selfs ophou eet om die wurggreep op die dooie prooi te oefen.

Wyfies sal elke geleentheid gebruik om welpies te leer jag deur die volgende te doen:

Die wurggreep op prooi wat nog nie dood is nie, te los sodat die welpies die dier kan doodmaak.

Klein lewende diertjies soos bokkies en hase terug te bring vir die welpies om dood te maak.

Welpies mag so jonk as vier maande wees.

Welpies sal begin saamgaan op jagtogte as hulle 3 tot 4 maande oud is. Sy sal hulle wegsteek as sy prooi sien en sal hulle met vokalisasie oorhaal om te bly wegkruip. As die jag suksesvol was sal sy hulle nader roep.

Dit gebeur soms dat die welpies die prooi van hulle teenwoordigheid bewus maak deur te vroeg op te staan of deur te vinnig vorentoe te beweeg.

Het jy  
geweet?

Kleintjies gaan  
saam met die ma  
uit op jagtogte  
van 3-4  
maande oud

Vanaf 6 tot 7 maande sal die welpies 'n meer aktiewe rol in die jag speel en soms die wyfie gedurende 'n jag volg in plaas daarvan om agter te bly totdat hulle geroep word. Terwyl die ma die prooi wurg sal hulle probeer help deur die dier met hulle pote vas te hou of die lies te byt. Soms begin hulle dadelik eet.

Wanneer die welpies 7 maande oud is sal hulle klein diertjies probeer vang en doodmaak met min sukses. Hulle mag soms hase vang en doodmaak wat hulle ontdek het.

Teen 12 tot 14 maande sal die welpies in staat wees om self die prooi dood te maak. Teen 15 maande sal die welpies net so groot of groter as die wyfie wees en sal dikwels die inisiatief neem met jagtogte alhoewel hulle steeds van die ma se hulp afhanklik is om die prooi dood te maak.

Teen 16 tot 18 maande is die welpies gewoonlik volwasse grootte en kan gewoonlik op hulle eie oorleef.

Foute wat deur die welpies gemaak word sluit die volgende in:

Nie ordentlik weggesteek nie; kan deur prooi gesien word.

Nie die prooi ordentlik dop te hou nie.

Diere te bekrui wat te groot is.

Gedurende hierdie tyd sal die wyfie die welpies ook leer om ander roofdiere in die gebied te vermy soos leeus, luiperds, bobbejane ens. As gevolg van die feit dat die jagluiperd gebou is vir spoed en dus baie delikaat is, kan hulle maklik beseer word in 'n geveg en sal dus verkies om konfrontasie met groter roofdiere te vermy.

